



Geassisteerde Reproductiewe Tegnologie in Suid-Afrika: Die prys om te betaal

Authors:

C. Huyser¹
L. Boyd¹

Affiliations:

¹Department of Obstetrics and Gynaecology, University of Pretoria, South Africa

Correspondence to:

C. Huyser

Email:

carin.huyser@up.ac.za

Postal address:

Private Bag X11, Arcadia
0007, South Africa

How to cite this article:

Huyser, C. & Boyd, L.,
2014, 'Geassisteerde
Reproduktiewe Tegnologie
in Suid-Afrika: Die prys om
te betaal', *Suid-Afrikaanse
Tydskrif vir Natuurwetenskap
en Tegnologie* 33(1), Art.
#1258, 1 page. [http://
dx.doi.org/10.4102/satnt.
v33i1.1258](http://dx.doi.org/10.4102/satnt.v33i1.1258)

Note:

This paper was initially delivered at the Faculty of Education and Department of Physiology at the University of Pretoria, Groenkloof Campus, South Africa on 16 October 2013.

Copyright:

© 2014. The Authors.
Licensee: AOSIS
OpenJournals. This work
is licensed under the
Creative Commons
Attribution License.

Assisted Reproduction Technology procedures in South Africa: The price to pay. Access to and the use of Assisted Reproduction Technology (ART) is viewed in general as excessively expensive, accessible only to the privileged few. A dissection of cost-drivers within an ART laboratory is discussed in the current overview. ART providers should reflect on the validity of the techniques and equipment, without compromising treatment virtue.

In ontwikkelende lande, veral die in Sub-Sahara-Afrika, is menslike immuniteitsgebrek virus (MIV) infeksie tesame met beperkte finansiële vermoë, obstrukties tot die ervaring van ouerskap. Hoewel die Suid-Afrikaanse Handves van Menseregte bepaal dat Suid-Afrikaners vryheid het om besluite te neem oor voortplanting, word die toegang tot en die gebruik van Geassisteerde Reproductiewe Tegnologie (ART) beskou as buitensporig duur, en slegs toeganklik vir bevoorregte persone. 'n Evalueering van koste-drywers binne 'n ART laboratorium; soos prosedures, laboratorium voorrade insluitende embrio kultuur media en kriopreservering word bespreek in die huidige oorsig.

Op grond van die tipe ART praktyk, dit is, private of openbare of tersiêre struktuur, sal die demografie van pasiënte, koste en dienste wat aangebied word, wissel. Die gemiddelde koste per prosedure vir 20-praktyke in die private sektor in Suid-Afrika is tans: (1) IUI (intra-uteriene inseminasie): R6444 ± R1891, (2) IVB (*in vitro* bevrugting): R38 702 ± R6849 en (3) ISSI (intra-sitoplasmiese sperm inspuiting): R39 261 ± R 7431. Laer koste ART dienste is wel beskikbaar vir Suid Afrikaners by 'n paar publieke tersiêre akademiese eenhede. ART prosedures hoef nie bestuur te word deur 'n 'moet-hê en kannie-doen' benadering nie. ART diensverskaffers behoort te besin oor die geldigheid van tegnieke en keuses van toerusting, sonder om behandelingskwaliteit of etiek te skaad.

Read online:

Scan this QR
code with your
smart phone or
mobile device
to read online.